

**BROOKLYN HOUSE FURNISHERS (PTY) LTD v KNOETZE AND SONS
[1970] 3 All SA 332 (A)**

Division: Appellate Division
Judgment Date: 11 May 1970
Case No: not recorded
Before: Steyn HR, van Blerk AR, Rumpff AR, Botha AR en Rabie Wn AR
Parallel Citation: [1970 \(3\) SA 264](#) (A)
• [Keywords](#) • [Cases referred to](#) • [Judgment](#) •

Keywords

Credit agreement - Repossession - Lien claimed - Warehouseman claiming storage lien - Enrichment of owner by preservation and storage

Lien - Debtor and creditor - Nature

Lien - Storage and cartage of goods - Furniture - Hire-purchase - Enrichment of owner by storage and preservation of goods

Maxims - Jure naturae aequum est neminem cum alterius detrimento et injuria fieri locupletioem

Cases referred to:

Anderson and Company v Pienaar and Company [1922 TPD 435](#) - Referred to

Colonial Cabinet Manufacturing Co v Wiid [1927 CPD 198](#) - Distinguished

Colonial Government v Smith Lawrence and Mould and Others [\(1886\) 4 SC 194](#) - Referred to

Ford v Reed Brothers [1922 TPD 266](#) - Referred to

Gillingham v Harris and Morgan [1905 TS 94](#) - Considered

Gouws v Jester Pools (Pty) Ltd [1968 \(3\) SA 563](#) (T) - Considered

King's Hall Motor Co v Wickens and McNicol [1931 NPD 37](#) - Distinguished

Kommissaris van Binnelandse Inkomste v Anglo American (OFS) Housing Company Ltd [1960 \(3\) SA 642](#) (AD) - Referred to

Land Bank v Mans 1933 CPD 16 - Compared

Lechoana v Cloete [1925 AD 536](#) - Compared

Savory v Baldochi [1907 TS 523](#) - Compared

Spurrier v Coxwell NO [1914 CPD 83](#) - Referred to

United Building Society v Smookler's Trustees and Golombick's Trustee [1906 TS 623](#) - Compared

Page 333 of [1970] 3 All SA 332 (A)

[View Parallel Citation](#)

Judgment

BOTHA, A.R.: Gedurende April 1967 het die appellant sekere meubels aan 'n mev. Bond ingevolge 'n huurkoop-ooreenkoms verkoop. Luidens klousule 1 van die ooreenkoms sou eiendomsreg op die meubels by die verkoper (appellant) bly berus totdat die volle koopprys betaal sou wees. Ingevolge klousule 2 was mev. Bond verplig om die meubels vry en onbelas te hou van eise deur derde partye, en om dit nie te verbind, te vervreem of op ander wyse te beswaar nie. Sy was voorts verplig om die meubels te hou by die adres wat in die ooreenkoms genoem word, nl. Plot 143, Scottlaan, Bush Hill Estate, Johannesburg, en dit nie sonder toestemming van die verkoper daarvandaan te verwyder nie. Klousule 3 van die ooreenkoms het bepaal dat:

„Die koper sal nie te enige tyd, sonder dat die skriftelike toestemming van die verkoper eers vooraf daartoe verkry is nie, die goedere berg onder verpligting om enige stoorgeld, of enige ander fooie ten opsigte daarvan te betaal nie. Wanneer die koper egter aansoek doen vir sodanige toestemming, sal die verkoper self die reg daartoe hê om besit te neem van die goedere en dit te berg en om van die koper 'n redelike vergoeding vir sodanige berging te verhaal.”

Gedurende Mei 1967, terwyl eiendomsreg op die meubels nog by appellant berus het, het mev. Bond met respondent, wat as meubelvervoerders en opbergers besigheid doen, 'n ooreenkoms gesluit ingevolge waarvan respondent mev. Bond se meubels, met inbegrip van die meubels waarvan die eiendomsreg nog by die appellant berus het, vanaf haar woning te Bush Hill Estate, ongeveer 14 myl buite Johannesburg, na sy pakhuis in Johannesburg vervoer en daar opgeberg het. Volgens ooreenkoms sou mev. Bond respondent vir die vervoer en opberging van die meubels vergoed. Dit is gemene saak dat toe respondent met mev. Bond gekontrakteer het, en

die meubels na sy pakhuis vervoer en daar opgeberg het, hy *bona fide* geglo het dat sy eienares van al die meubels was. Appellant was onbewus van die reëling tussen mev. Bond en respondent, en hy was nooit ingevolge klousule 3 van die huurkoop-ooreenkoms vir sy toestemming daartoe gevra nie. Dit was eers in Julie 1967 dat appellant vasgestel het dat die meubels, waarna die huurkoop-ooreenkoms verwys, in die pakhuis van respondent opgeberg word. Hy het onverwyld aangedring op lewering van die meubels aan hom as eienaar daarvan ingevolge die huurkoopkontrak. Die respondent het egter aanspraak gemaak op 'n retensiereg op die betrokke meubels, en

Page 334 of [1970] 3 All SA 332 (A)

[View Parallel Citation](#)

geweer om dit aan appellant te oorhandig tensy laasgenoemde aan hom 'n bedrag van R75 betaal as vergoeding ten opsigte van sy koste in verband met die vervoer en opberging daarvan.

Dit is uit die getuienis duidelik dat indien mev. Bond haar verpligtinge ingevolge klousule 3 van die huurkoop-ooreenkoms sou nagekom het, en appellant in staat gestel sou gewees het om besit van die meubels te neem, hy dit teen geringe koste van mev. Bond se woning te Bush Hill Estate na sy eie pakhuis sou kon vervoer en daar opgeberg het.

Gedurende November 1967 het appellant die bedrag van R75 aan respondent onder protes betaal en sodoende besit van die meubels verkry. Daarna het appellant terugbetaling van genoemde bedrag van respondent in die landdroshof gevorder. In sy uiteensetting van eis ontken appellant dat respondent 'n retensiereg op die meubels gehad het, en dat hy regtens verplig was om die bedrag van R75 aan respondent te betaal. Respondent se enigste verweer wat in hierdie appèl ter sake is, kom daarop neer dat die vervoer van die meubels na sy pakhuis en die opberging daarvan aldaar nodig was vir die behoud en beskerming daarvan, en dat hy daardeur 'n retensiereg op die meubels verkry het ten opsigte van sy koste in verband met die vervoer en opberging.

Die landdros het respondent op hierdie verweer gelyk gegee en appellant se vordering met koste afgewys. 'n Appèl na die Transvaalse Provinsiale Afdeling is met koste afgewys, maar die appellant is die nodige verlof toegestaan om na hierdie Hof in hoër beroep te kom.

In hierdie Hof is namens appellant aangevoer dat respondent op geen retensiereg op appellant se meubels ten opsigte van sy vervoeren opbergingskoste geregtig was nie, en wel op twee gronde, nl.:

- (a) dat appellant nie deur die vervoer en opberging van die meubels verryk is nie; en
- (b) dat indien appellant aldus verryk is, die verryking nie ten koste van die respondent was nie.

'n Retensiereg, *jus retentionis*, is die reg wat die besitter van 'n saak van iemand anders, waaraan hy geld of arbeid bestee het, verkry om die saak in sy besit te hou totdat hy volgens ooreenkoms of, waar daar geen ooreenkoms was nie, vir sy werklike uitgawes of arbeid, maar hoogstens tot die mate van die eienaar se verryking, behoorlik vergoed is. Dit is bloot 'n verweer teen die eienaar se *rei vindicatio*, en maak op sigself geen eisoorzaak uit nie. Ons reg ken drie soorte retensieregte, nl. (1) retensieregte vir die berging of bewaring van 'n saak („salvage liens”); (2) retensieregte vir verbeterings („improvement liens”); en (3) retensieregte vir skuld *ex contractu* („debtor and creditor liens”). Die aard van die retensiereg word bepaal deur die aard van die uitgawes wat aan die saak bestee word, en deur die bestaan al dan nie tussen die partye van 'n kontraktuele verbondenheid. Uitgawes wat iemand aan 'n saak bestee, kan of noodsaaklik (*impensae necessariae*), of nuttig (*impensae utiles*) of weelderig (*impensae voluptuariae*) wees. Uitgawes is noodsaaklik wanneer dit nodig is vir die behoud of beskerming van die saak en dit skep stilswyend 'n bewaringsretensiereg op die saak ten opsigte van sodanige uitgawes. Nuttig is uitgawes wanneer dit die saak, waaraan dit bestee word, verbeter en sy markwaarde verhoog. Sodanige uitgawes bring stilswyend 'n retensiereg op die saak tot stand vir die verbeterings. Weelderige uitgawes is uitgawes wat nóg noodsaaklik nóg nuttig is. Sodanige uitgawes, wat nie ingevolge 'n uitdruklike

Page 335 of [1970] 3 All SA 332 (A)

[View Parallel Citation](#)

of stilswyende ooreenkoms aan 'n saak bestee word nie, bring geen retensiereg op die saak tot stand nie. Waar weelderige of enige ander uitgawes egter uit hoofde van 'n ooreenkoms met die eienaar aan die saak bestee word, verkry die besitter van die saak, wat die uitgawes aldus aangegaan het, 'n retensiereg op die saak, teen die ander kontrakterende party, ten opsigte van die volle bedrag wat ingevolge die ooreenkoms aan hom verskuldig is, afgesien van die bedrag van die uitgawes of die mate waarin die eienaar verryk is. (*Dig.* 50.16.79 en 5.3.38; *Voet*, 6.1.36; 16.2.20 en 20.2.28; *Van Leeuwen, Censura Forensis*, 1.4.37.1 en 6; *Kersteman, s.v. „retentie”*; *Huber, H.R.*, 2.8.16 en 17; *United Building Society v. Smookler's Trustees and Golombick's Trustee*, [1906 T.S. 623](#) op bl. 626-629; *Land Bank v. Mans*, 1933 C.P.D. 16, en *Lechoana v. Cloete and Others*, [1925 A.D. 536](#) op bl. 547-48).

Retensieregte vir bewaring en verbetering van die saak is saaklike regte en ontstaan nie uit ooreenkoms nie. Hulle is gefundeer op die beginsel in *Dig.* 50.17.206 dat *jure naturae aequum est neminem cum alterius detrimento et injuria fieri locupletioem*. Waar daar geen verryking vir die eienaar van die saak is nie, kan geen sodanige retensiereg tot stand kom nie. (*Land Bank v. Mans, supra* op bl. 24; *Ford v. Reed Bros.*, [1922 T.P.D. 266](#) op bl. 272; *United Building Society v. Smookler's Trustees, supra* op bl. 627 en 632; *Anderson & Co. v. Pienaar & Co.*, [1922 T.P.D. 435](#) op bl. 438-439, en *Kommisaris van Binnelandse Inkomste v. Anglo American (O.F.S.) Housing Co. Ltd.*, 1960 (3) S.A. 642 (A.D.) op bl. 649 en 657).

Die retensiereg waarop respondent aanspraak maak, is 'n bewaringsretensiereg, en die eerste vraag wat dus oorweeg moet word, is of appellant deur die vervoer van die meubels vanaf mev. Bond se woonplek te Bush Hill Estate na respondent se pakhuis in Johannesburg, en die opberging daarvan aldaar, verryk is. Verryking vind nie slegs plaas waar daar 'n vermeerdering van bates is nie, maar ook waar daar 'n nievermindering van bates is waar

vermindering andersins waarskynlik sou plaasgevind het. (Vgl. *Anderson & Co. v. Pienaar & Co.*, *supra* op bl. 439). Appellant sou dus, vir die ontstaan van 'n bewaringsretensiereg, verryk gewees het, indien respondent se arbeid en uitgawes aan die meubels nodig was vir hul behoud en beskerming.

Volgens die getuienis blyk dit dat mev. Bond op 'n kleinhoewe buite Johannesburg gewoon het, en omdat sy na die hospitaal moes gaan, en die woning blykbaar moes of wou ontruim, is vir die verwydering en opberging van al haar meubels gereël, en nie slegs van die meubels waarna die huurkoopkontrak verwys nie. By die verhoor was dit nie betwis nie dat, indien die meubels sonder toesig in die huis gelaat sou gewees het, enigiets daarmee sou kon gebeur het—hulle sou gesteel of beskadig kon geword het.

In die lig van hierdie omstandighede kon dit nouliks betwis word, en is dit ook nie betwis nie, dat die vervoer en opberging van die meubels vir hul behoud en beskerming nodig was, en dat die respondent se arbeid en onkoste in verband daarmee noodsaaklike uitgawes was.

Namens appellant is egter betoog dat appellant, luidens klousule 3 van die huurkoopkontrak, geregtig was om self die meubels na sy eie pakhuis te vervoer en daar op te berg op koste van mev. Bond, en dat

Page 336 of [1970] 3 All SA 332 (A)

[View Parallel Citation](#)

appellant dus nie deur die vervoer en opberging van die meubels deur die respondent verryk is nie.

Appellant sou slegs in staat gewees het om besit van die meubels te neem en in sy pakhuis op koste van mev. Bond op te berg, indien mev. Bond die voorwaardes van die huurkoopkontrak sou nagekom het, wat sy egter nie gedoen het nie. Die vraag of appellant deur die bewaring van die meubels deur die respondent verryk is, moet in die lig van die omstandighede wat in werklikheid geheers het, bepaal word, en nie in die lig van omstandighede wat sou geheers het indien mev. Bond nie in gebreke sou gebly het om haar kontraktuele verpligtings na te kom nie.

Waar, byvoorbeeld, die eienaar van 'n saak dit in die sorg van 'n opsigter laat wat teenoor die eienaar teen vergoeding kontraktueel verbind is om dit te bewaar, en in gebreke bly om sy verpligtings behoorlik na te kom, met die gevolg dat die saak aan beskadiging blootgestel word, kan die eienaar klaarblyklik nie teenoor die *negotiorum gestor*, wat die saak in bewaring neem en uitgawes aangaan vir die behoud en beskerming daarvan, aanvoer dat hy nie deur die bewaarneming van die saak deur die *gestor* verryk is nie aangesien hy die opsigter, wat kontraktueel verplig was om die saak teen beskadiging te bewaar, reeds ten volle vir sy bewaarneming vergoed het. Hy sou ewe min kon beweer dat die bewaarneming deur die *gestor* onnodig sou gewees het indien die opsigter nie in gebreke sou gebly het nie om sy verpligtings na te kom.

Namens appellant is vir sy betoog gesteun op die uitspraak in *Colonial Cabinet Manufacturing Co. v. Wiid*, [1927 C.P.D. 198](#). In daardie saak het die maatskappy 'n klerekas ingevolge 'n huurkoop-ooreenkoms aan W. verkoop op voorwaarde dat eiendomsreg op die klerekas by die maatskappy sou bly berus, dat die klerekas in W. se besit moes bly, en dat hy dit nie van sy perseel moes verwyder nie. W. het egter die klerekas by Wiid laat stoor. Die rede waarom hy dit gedoen het is nie verduidelik nie, maar dit was sonder die maatskappy se goedkeuring. Die vraag wat die Hof moes beslis, was of Wiid op 'n retensiereg op die klerekas teenoor die maatskappy geregtig was ten opsigte van sy bergingskoste.

Die Hof beslis op bl. 201 dat, omdat daar tussen die maatskappy en Wiid geen kontraktuele verbondenheid was nie, Wiid nie op 'n retensiereg vir skuld uit ooreenkoms kon aanspraak maak nie. Oor die vraag of hy op 'n stilswyende bewaringsretensiereg geregtig was, verklaar WATERMEYER, R., op bl. 201—

„In the present case I am unable to see how storage of the wardrobe by the defendant was necessary either to preserve or protect it. If storage was necessary it could have been returned to the plaintiff.

No evidence was given of any circumstances which show that the plaintiff was benefited or enriched by the storage of the wardrobe by the defendant.”

Die feite in daardie saak is klaarblyklik te onderskei van die feite in die onderhawige, waar daar getuienis is oor die omstandighede waaronder die meubels deur respondent na sy pakhuis vervoer en daar opgeberg is. Vir sy betoog in hierdie saak kan appellant dus geen steun vind in Regter WATERMEYER se uitspraak in eersbedoelde saak nie. Vir sover Regter WATERMEYER se uitspraak gebaseer is op die bevinding dat „if storage was necessary it could have been returned to the plaintiff”,

Page 337 of [1970] 3 All SA 332 (A)

[View Parallel Citation](#)

het ek reeds met die betoog, wat in hierdie saak op 'n dergelyke oorweging gebaseer is, gehandel.

Die feite in die saak van *King's Hall Motor Co. v. Wickens and McNicol*, [1931 N.P.D. 37](#), waarna ons ook verwys is, is ook van die feite in die onderhawige saak te onderskei, omdat daar, volgens die uitspraak op bl. 45, hoegenaamd geen getuienis was dat dit in daardie geval, vir die behoud of beskerming van die motor, nodig was om dit in die garage van Wickens en McNicol te stoor nie.

Ek meen dus dat die appèl op die eerste grond nie kan slaag nie.

Wat die tweede grond betref, is namens appellant betoog dat geen retensiereg teen die eienaar van 'n saak tot stand kom nie tensy die eienaar ten koste van die besitter van die saak, wat op so 'n retensiereg aanspraak maak, verryk is. Waar die verryking geskied ten gevolge van die uitvoering deur die besitter van 'n kontrak tussen

hom en 'n derde persoon teen vergoeding, aldus die betoog, het die verryking ten koste van daardie derde persoon geskied, en nie ten koste van die besitter nie, wat dan nie op 'n retensiereg op die betrokke saak teen die eienaar daarvan geregtig is nie. Indien die appellant deur die bewaring van die meubels deur die respondent in hierdie saak verryk was, so is voorts betoog, het sodanige verryking dus nie ten koste van die respondent geskied nie, maar ten koste van mev. Bond met wie die respondent vir die lewering van sy dienste teen vergoeding gekontrakteer het, en is die respondent dus op geen retensiereg teenoor appellant geregtig nie.

Vir hierdie stelling is gesteun op *Colonial Government v. Smith, Lawrence and Mould and Others*, (1885) 4 S.C. 194, and *Gillingham v. Harris and Morgan*, 1905 T.S. 94, en, by wyse van analogie, op die beginsel wat met betrekking tot verrykingsaksies in *Gouws v. Jester Pools (Pty.) Ltd.*, 1968 (3) S.A. 563 (T), aanvaar is, en deur Prof. de Vos, *Verrykingsaanspreeklikheid in die Suid-Afrikaanse Reg*, op bl. 29-32, 61-66, 81-82, 91, 96-98, 127-128, 134-136 en 192-201, voorgestaan word, nl. dat dit vir die verrykingsaksie van die *bona fide* besitter of okkupeerder van 'n saak 'n essensiële vereiste is dat die verryking van die eienaar ten koste van die besitter of okkupeerder moet geskied, en dat aan hierdie vereiste nie voldoen word nie waar die besitter of okkupeerder die saak ingevolge 'n geldige ooreenkoms met 'n ander persoon as die eienaar teen vergoeding verbeter. Die rede wat hiervoor aangevoer word, is dat in so 'n geval die gevolglike verryking van die eienaar dan nie ten koste van die besitter of okkupeerder nie, maar van daardie ander persoon, wat vir betaling van die vergoeding aanspreeklik is, sou geskied, selfs al kan die besitter of okkupeerder ook geen vergoeding op daardie ander persoon verhaal nie.

Hierdie stelling is nie onaanvegbaar nie (sien bv. Scholtens, 85 (1958) S.A.L.J. op bl. 371 e.v., en Joubert, 76 (1959) S.A.L.J. op bl. 475 e.v.), maar dit is nie nodig om nou daarop met betrekking tot 'n verrykingsaksie in te gaan nie, aangesien ons nie hier met so 'n aksie te doen het nie, maar met 'n beweerde retensiereg wat bloot as verweer teen die eienaar se *rei vindicatio* opgewerp word. Dat verryking van die eienaar ten koste van die besitter, wat die noodsaaklike of nuttige uitgawes aangegaan het, 'n vereiste vir die totstandkoming van so 'n retensiereg is, moet toegegee word. Dit is byna vanselfsprekend dat verryking van

Page 338 of [1970] 3 All SA 332 (A)

[View Parallel Citation](#)

die eienaar deur die besteding van nuttige of noodsaaklike uitgawes aan die saak, ten koste is van die persoon wat die uitgawes aangegaan het, en na my oordeel is dit, met betrekking altans tot die bestaan, al dan nie, van so 'n retensiereg, nie ter sake nie dat die uitgawes aangegaan is ingevolge 'n geldige kontrak met 'n derde teen vergoeding.

In hierdie verband is dit nodig om eers te verwys na die uitsprake in *Colonial Government v. Smith and Others*, *supra*, en *Gillingham v. Harris and Morgan*, *supra*, waarop namens appellant meer bepaald gesteun is vir sy betoog dat, waar die besitter van 'n saak dit uit hoofde van 'n geldige kontrak, wat hy met 'n derde persoon aangegaan het, teen vergoeding verbeter of teen beskadiging bewaar, die gevolglike verryking van die eienaar ten koste van die derde persoon geskied, en nie van die besitter nie, en dat daar gevolglik aan 'n vereiste vir die totstandkoming van 'n retensiereg nie voldoen is nie.

In die *Colonial Government*-saak het die Regering met A 'n kontrak vir die aanleg van 'n spoorlyn en die oprigting van sekere daarmee in verband staande geboue aangegaan. A het sonder verlof van die Regering deel van die werk aan sub-kontrakteurs uitgegee, wat na A vir betaling opgesien het. Die Regering het van tyd tot tyd betalings aan A ingevolge die ooreenkoms gemaak, die sub-kontrakteurs het sekere geboue opgerig waarvoor hulle nog nie deur A betaal was nie toe A, as gevolg van geldelike moeilikhede, dit onmoontlik begin vind het om met die werk voort te gaan. Hierop het die Regering, ingevolge die kontrak, die onvoltooide werk vir voltooiing oorgeneem. Die sub-kontrakteurs, wat nog in besit was van die geboue wat hulle opgerig het, het geweier om besit aan die Regering af te staan voordat hulle vir hul werk betaal is. Die Hof beslis dat die sub-kontrakteurs op geen retensiereg teen die Regering geregtig was nie. Hoofregter DE VILLIERS motiveer dit soos volg op bl. 199—

„There is no evidence whatever that the Government authorised Firbank, Pauling & Co. (die kontrakteurs) to employ these special sub-contractors, and I therefore think that, in the absence of any statement that the Government owe the contractors anything under the contract, the sub-contractors cannot detain the building as against the Government.”

Die sub-kontrakteur is m.a.w. 'n retensiereg teen die Regering op twee afsonderlike gronde ontsê, nl. (1) die afwesigheid van enige kontraktuele verbondenheid tussen die partye, en (2) by gebrek aan enige bewys, gesien die feit dat dit nie blyk dat die Regering die kontrakteurs nie reeds volgens kontrak betaal het nie, dat die Regering deur die werk van die sub-kontrakteurs hoegenaamd verryk was. Die vraag of die Regering ten koste van die sub-kontrakteurs dan wel A verryk was, het dus nooit ter sprake gekom nie. Die uitspraak is dus geen gesag vir die stelling wat namens appellant gemaak is nie. (Vgl. *United Building Society v. Smookler's Trustees*, *supra* op bl. 633-4).

Die beslissing in *Gillingham v. Harris and Morgan* neem die saak niks verder nie. Daar was geen gemotiveerde uitspraak nie en die *Colonial Government*-saak is eenvoudig sonder aangifte van redes gevolg op grond daarvan dat geen kontraktuele verbondenheid tussen die partye bestaan het nie. Die ander grond, waarop die beslissinge in laasgenoemde saak gebaseer is, word glad nie oorweeg nie.

Daarenteen is daar verskeie uitsprake waarin die Howe die bestaan van 'n retensiereg teenoor die eienaar erken het ondanks die feit dat die

Page 339 of [1970] 3 All SA 332 (A)

[View Parallel Citation](#)

verbeterings aan die saak of die beskerming daarvan geskied het as gevolg van die uitvoering van 'n ooreenkoms tussen die besitter van die saak en 'n ander persoon as die eienaar daarvan. (Sien bv. *Savory v. Baldochi*, 1907 T.S.

Die benadering van die Howe in genoemde sake is in ooreenstemming met wat deur ons gemeenregtelike skrywers as vereiste vir die totstandkoming van 'n bewaringsretensiereg, of 'n retensiereg vir verbeterings, gestel word. Daarvolgens is enige besitter van iemand anders se saak, mits hy maar net nie op onregmatige wyse besit gekry het nie, soos bv. 'n dief, wat die saak teen beskadiging bewaar of dit verbeter, geregtig op 'n bewaringsretensiereg of 'n retensiereg vir die verbeterings, om in besit of beheer van die saak te bly totdat hy vir sy noodsaaklike of nuttige uitgawes behoorlik vergoed is. (Sien bv. Hymens, *Romeinsch Zakenrecht*, 2de druk, op bl. 166-7; *Dig.* 5.3.38 en 12.6.14; *Cod.* 3.32.5; Donellus, *De Jure Civili*, 20.8.7; *Voet.*, 6.1.31 en 36, en 20.2.28; *Kersteman*, s.v. „retentie”; Van Leeuwen, *Censura Forensis*, 1.4.37.1 en 6; Huber, *H.R.*, 2.8.17, en *Spurrier v. Coxwell*, N.O., [1914 C.P.D. 83](#) op bl. 88). Nie een van die skrywers wat ek geraadpleeg het, ontsê 'n besitter 'n retensiereg teenoor die eienaar waar die verbeterings aan, of die bewaring van die saak, in die uitvoering van 'n kontraktuele of ander verpligting teenoor 'n ander persoon as die eienaar van die saak plaasgevind het nie. Die vraag word trouens deur nie een van hulle genoem nie.

So 'n reëling sou in iedere geval onbillikheid in die hand kon werk. Gewoonlik sou die besitter, wat die saak verbeter of dit teen beskadiging bewaar het uit hoofde van 'n ooreenkoms wat hy met 'n derde aangegaan het, vir die skuld wat uit die kontrak ontstaan, op 'n retensiereg („debtor and creditor lien”) teenoor daardie derde persoon geregtig wees om besit van die saak te behou totdat hy volgens ooreenkoms betaal is. Het hy geen retensiereg teenoor die eienaar nie, en is hy verplig om die saak aan die eienaar af te gee sonder vergoeding vir sy noodsaaklike of nuttige uitgawes, verloor hy, tot sy nadeel (*detrimento*), sy retensiereg teenoor die derde persoon met wie hy gekontrakteer het, terwyl die eienaar verryk is. So 'n reëling sou in stryd wees met die einste beginsel waarop retensieregte gefundeer is, nl. dat *jure naturae aequum est neminem cum alterius detrimento et injuria fieri locupletiozem*. Dit sou dus, met betrekking tot die vraag of 'n retensiereg teen die eienaar tot stand gekom het, nie verkeerd wees nie om te aanvaar dat, totdat die besitter deur òf die eienaar òf die derde persoon behoorlik vergoed word, die verryking van die eienaar in werklikheid ten koste van die besitter is wat die saak verbeter of bewaar het. In iedere geval, 'n besitter wat, ingevolge so 'n ooreenkoms met 'n derde, besit van die saak vir verbeterings of bewaring kry, kom nie op onregmatige wyse in besit daarvan nie, en bewaar of verbeter hy die saak ten voordele van die eienaar, voldoen hy aan al die vereistes vir die totstandkoming van 'n retensiereg teen die eienaar.

Die vraag in die onderhawige saak kan egter ook op heel eenvoudige grondslag uitgemaak word, wat ook die onsaaklikheid van die feit dat die besteding van die uitgawes geskied het, teen vergoeding ingevolge 'n geldige

Page 340 of [1970] 3 All SA 332 (A)

[View Parallel Citation](#)

kontrak met 'n derde, duidelik laat blyk. Ek sê dit omdat ek meen dat die respondent, uit die ooreenkoms wat hy met mev. Bond aangegaan het, 'n retensiereg op die meubels teenoor haar verkry het vir die bedrag wat ingevolge die ooreenkoms aan hom verskuldig sou word („debtor and creditor lien”), en dat, vir sover daardie bedrag noodsaaklike uitgawes sou insluit wat vir die behoud of beskerming van die meubels bestee is, respondent se retensiereg ten opsigte van sodanige uitgawes, ofskoon dit uit ooreenkoms ontstaan, al die eienskappe het van 'n stilsyende bewaringsretensiereg wat aan hom 'n saaklike reg verleen wat teen enigiemand, met inbegrip van die eienaar van die meubels, geld. (*United Building Society v. Smookler's Trustees*, *supra* op bl. 628-34, en *Savory v. Baldochi*, [1907 T.S. 523](#) op bl. 524).

Ofskoon 'n retensiereg vir die volle skuld wat uit ooreenkoms ontstaan („debtor and creditor lien”) slegs teen die ander kontrakterende party, of persone wat deur hom eis, geld, blyk dit duidelik uit die uitspraak in die *United Building Society*-saak dat, waar die ooreenkoms voorsiening maak vir die besteding van noodsaaklike of nuttige uitgawes, in teenstelling met of benewens weelderige uitgawes, die besitter van die betrokke saak, ten opsigte van sy noodsaaklike of nuttige uitgawes, en tot die mate van die eienaar se verryking, dieselfde regte het as enige besitter wat uitgawes aangaan vir die beskerming of verbetering van die saak. (Sien op bl. 628, 629, 630, 631, 632 en 633). Dieselfde blyk uit die uitspraak van INNES, H.R., in *Savory v. Baldochi*, *supra* op bl. 523, waar, in navolging van die uitspraak in die *United Building Society*-saak, die retensiereg van die persoon wat die karretjie ingevolge 'n ooreenkoms met 'n ander persoon as die eienaar herstel het, teen die eienaar vir sy noodsaaklike uitgawes erken is. Dit is waar dat INNES, H.R., in sy uitspraak gewag maak van die feit dat die huurder van die karretjie, wat die herstelwerk laat doen het, geregtig was om dit te laat doen, maar dit blyk nie dat daardie feit die bevinding van die Hof kon beïnvloed het nie.

Ek meen ook nie dat die feit dat die ooreenkoms, ingevolge waarvan die respondent die noodsaaklike uitgawes in die onderhawige geval aan die meubels bestee het, 'n ooreenkoms met mev. Bond, en nie die eienaar van die meubels was nie, enige verskil aan respondent se retensiereg kan maak nie. (Vgl. *Savory v. Baldochi*, *supra*). Indien die respondent van die ware toedrag van sake bewus sou gewees het, kon dit die posisie moontlik verander het, maar hy het inderdaad te goeder trou geglo dat mev. Bond die eienares van die meubels was, en het op daardie grondslag met haar gekontrakteer. (Vgl. *United Building Society v. Smookler's Trustees*, *supra* op bl. 633).

Die feit dat die ooreenkoms met die respondent deur mev. Bond in stryd met haar kontraktuele verpligtings teenoor appellant, waarvan die respondent onbewus was, aangegaan is, kan ook nie die respondent se regte affekteer nie. Vir die verbreking van haar kontraktuele verpligtings teenoor appellant is mev. Bond teenoor hom aanspreeklik. Daar bestaan, egter, sover my bekend, niks wat iemand regtens belet om vir die bewaring van iemand anders se saak op eie naam 'n ooreenkoms met 'n derde te sluit nie. (Vgl. *Land Bank v. Mans*, 1933 C.P.D. 16).

Die gevolgtrekking waartoe ek dus kom is dat respondent op 'n bewaringsretensiereg teenoor appellant geregtig was om besit van die

meubels te behou totdat hy vir sy noodsaaklike uitgawes vergoed was. Dit is nie betwis dat die respondent se noodsaaklike uitgawes in verband met die vervoer en opberging van die meubels R75 beloop het nie.

Die appèl word bygevolg met koste afgewys.

STEYN, H.R., VAN BLERK, A.R., RUMPF, A.R., en RABIE, WN.-A.R., het saamgestem.

Appearances

RJ Goldstone - Advocate/s for the Appellant/s

CP Joubert - Advocate/s for the Respondent/s

Goldman and Savell, Johannesburg; Roseman and Heunis, Pretoria; Sydney W Horwitz, Arvan and Lewis, Bloemfontein - Attorney/s for the Appellant/s

Hofmeyer, Van der Merwe and Botha, Johannesburg; Van der Merwe and Gildenhuys, Pretoria; Naudé and Naudé, Bloemfontein - Attorney/s for the Respondent/s